**INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS**

**Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

| Bron nr. | Datum | Onderwerp nr. | Knipsel nr. |
| --- | --- | --- | --- |
| 0 0 4 3 | 9 8 1 1 0 4 3 0 8 | 8 | 1 1 1 6 2 |

DIE BURGER Jg. 84 Nr. ........ P. 1 Dat. 4 NOV 1998

# Sasria gooi tou op teen staat oor beslaglegging

Hein Swart

**KAAPSTAD. – Sasria het sy stryd met die Regering oor die beslaglegging op die grootste deel van sy reserwes gewonne gegee.**

Dit beteken dat hy ook nie voortgaan met sy planne om die oorname in die hof te betwis nie.

Ingevolge die Wet op die Omskepping van Sasria, wat oormôre voor die Nasionale Vergadering dien, word dié korttermynversekeraar in 'n gewone maatskappy omgeskep met die Regering as enigste aandeelhouer. Daarna sal die Regering op 'n deel van Sasria se opgehoopte reserwes, wat voor die skerp dalings van aandelepryse sowat R10 miljard bedra het, beslag lê om die staatskuld van R340 miljard te verminder.

Sasria skryf in 'n brief wat gister by 'n vergadering van die Parlement se Portefeuljekomitee oor Finansies ter tafel gelê is, dat 'n werkgroep wat deur hom aangestel is nou besluit het om sy vorige teenkanting teen die wetsontwerp terug te trek.

In ruil daarvoor stel hy sekere wysigings aan die wetsontwerp voor, onder meer die insluiting van 'n bepaling wat die Minister van Finansies verplig om die korttermynversekeringsbedryf te raadpleeg as hy besluite oor Sasria neem. Dit sal veral geld as die Regering sou besluit om sy aandeelhouding in Sasria aan die private sektor te verkoop.

Sasria se direksie moet ook geraadpleeg word wanneer die Regering besluit hoeveel van die reserwes hy aan homself gaan toe-eien.

Dit is betekenisvol dat Sasria sy oorspronklike teenkanting laat vaar het pas nadat die Regering sy twee verteenwoordigers in die direksie vervang het. Een van die nuwe direkteure is mnr. Cyril Ramaphosa, wat tegelykertyd tot Sasria se nuwe voorsitter verkies is.

Sasria het nie net sy teenkanting van die wet teruggetrek nie, maar ook sy hele voorlegging wat hy 'n paar weke gelede hieroor gedoen het. By dié geleentheid het mnr. Michael Kuper, Sasria se regsverteenwoordiger, gesê Sasria vervul 'n noodsaaklike funksie in die ekonomie en dat hy al sy reserwes nodig het om verpligtings na te kom.

Dit is volgens hom 'n gedwonge verwydering van reserwes, die oorname van 'n private maatskappy se bestuur sonder vergoeding, ongrondwetlik en 'n vernietiging van 'n noodsaaklike instelling.

Mnr. Barry Scott, uitvoerende hoof van die Suid-Afrikaanse Versekeringsvereniging, het by dié geleentheid gesê die planne met Sasria is niks anders nie as nasionalisasie onder die dekmantel van privatisering. Dit kan Sasria se versekeringspremies met tot 500% laat styg.

Lede van Sasria se direksie verskyn vandag weer voor die komitee om sy nuwe standpunt te verduidelik. Die Regering sal na verwagting Sasria se wysigings aan die wetsontwerp aanvaar, waarna dit oormôre sonder probleme deur die Nasionale Vergadering goedgekeur sal word.

**TREFWOORDE**

1. Sake Burger
2. Swart Hein
3. SASRIA
4. Opheffing
5. Oppenomings
6. Regering Pers
   Eenheid
7. Beslaglegging
8. Reserwes
9. Instelle
10. Verandering